Wes-Kaapse Regering
Onderwys

# GRAAD: 5
# VAK:LEWENSVAARDIGHEDE – SKEPPENDE KUNSTE

# KWARTAAL TWEE
# FORMELE ASSESSERINGSTAAK (FAT) 2

Naam: ______________________________________________

Klas: ____________________ Datum:________________________

Skool: ___________________ Onderwyser: ________________________

| **FAT** | **Aktiwiteit/Vorm** | **Leerder se punt** | **Leerder %** |
|---|---|---|---|
| 2 | Visuele Kuns: Uitstalling | | |
| **TOTAAL** | | | |


**Neem asb kennis dat óf Uitvoerende Kunste óf Visuele Kuns formeel in 'n kwartaal geassesseer moet word. Nie albei strome nie.**

## LEWENSVAARDIGHEDE: SKEPPENDE KUNSTE

## FORMELE ASSESSERINGSTAAK: VISUELE KUNS

**GRAAD 5:** **KWARTAAL 2**

| **NOTA AAN DIE ONDERWYSER**: |
|---|
| Die Formele Assesseringstaak is ontwikkel in die vorm van 'n stap-vir-stap riglyn aan leerders. Die aktiwiteite word in die klas gedurende die tweede kwartaal gedoen. Dit is belangrik dat onderwysers die verskillende stappe met die kinders behandel om aktiewe, kreatiewe en kritiese deelname deur die leerders te verseker. |



**AKTIWITEIT 1: SKEP IN 2D en 3D, KREATIEWE LETTERWERK EN/OF PATRONE**

**KUNSMATERIAAL:**

Stewige papier/karton, skêre, potlode, swart vetkryte of koki's, oliepastelle, of vetkryte, stewige stroke kartonpapier, kramdrukker

**INSTRUKSIES:**


Jy gaan 'n masker ontwerp waarop jy patrone gaan maak.

In hierdie kunswerk gaan jy die elemente van kuns naamlik **LYN**, **VORM** en **KOMPLIMENTÊRE KLEURE** leer ken, sowel as ontwerpbeginsels soos **BALANS (SIMMETRIE / ASIMMETRIE EN VERSPREIDING/DISPERSIE.)**

Dit is baie belangrik om op te let na die verskillende tipes patrone rondom jou in die omgewing, bv. in die natuur of in argitektuur **(OBSERVASIE).** Jy moet daarop konsentreer om al die unieke en eiesoortige patrone rondom jou raak te sien.


**Bespreek:**

- Met die hulp van jou onderwyser, dink na oor wat jy alreeds van die konsep patrone weet.
- Kyk na al die verskillende patrone wat jy rondom jou kan waarneem. Kyk na die verskillende vorms en fatsoene. Hoe word hulle gevorm? Is hulle sirkelvormig, in golwende patrone, geometries, ens?
- Bespreek maskers en hul gebruik, sowel as hoe patroon in die ontwerp van maskers geïnkorporeer kan word.
- Dit is belangrik dat jy jou ontwerp visualiseer, bv. ‘n skildery is verskillend van ‘n skets.



**Kom ons oefen eers**:

- Begin deur die lyne van die verskillende patrone in die lug te trek
- Neem nou ‘n swart vetkryt en begin om op ‘n A3 papier die verskillende patrone te teken. Eksperimenteer met patrone op kreatiewe maniere. Probeer om jou eie patrone te skep, moenie slegs die basiese patrone wat jy reeds ken en geleer is, herhaal nie.
- Onthou daar is geen reg of verkeerd wanneer jy besig is om te eksperimeteer in Visuele Kuns nie!



**Kom ons begin nou met die finale kunswerk:**

- Jou onderwyser sal nou 'n stuk stewige papier of karton **(A3)** uitdeel wat liggies in die helfte gevou is.
- Werk saam met jou maat om die posisie van jou oë te merk op die karton.
- Skets rondom die merke vir die oë deur dit te vergroot en skep interessante vorms.
- Knip die vorm vir die oë uit.
- Herhaal die proses vir die neus en die mond.
- Maak seker dat jou lyne solied is.
- Vou die papier in die helfte en ontwerp die rand van die masker op die een kant van die papier.
- Hou die papier gevou en knip die vorm uit sodat simmetrie op hierdie manier verkry kan word.
- Gebruik die swart vetkryt of koki om die gelaatstrekke van die masker te teken.
- Maak seker dat jy die grootste gedeelte van die papier gebruik. Moenie slegs in 'n hoekie van die masker skets nie Jou skets moet die hele papier vul.
- Jou onderwyser sal die konsep van patroon as herhalende element aan jou verduidelik.
- Gebruik patrone om die masker te versier.
- Jou onderwyser sal vir jou wys hoe om 'n kopband vir die masker te maak deur stroke dik kartonpapier aan jou masker vas te maak.



**Kom ons voeg nou kleur by:**

- Jou masker is nou versier met verskillende tipes lyn wat patrone vorm; jy het moontlik dik, dun, gladde, hoekige, klein kort lyntjies en lang gladde lyne gebruik.
- Sodra die patrone voltooi is, sal jou onderwyser die gebruik van kleur in jou kunswerk bespreek – veral sekondêre kleur en hoe om balans te verkry deur die gebruik van kleur.
- Voeg nou kleur by jou ontwerp. Gebruik oliepastelle, vetkryte of poeierverf. Gebruik die kleure wat jy voel jou masker die beste sal pas.
- Kyk weer na jou masker en rond dit af deur seker te maak jy is tevrede met die gebruik van kleur, lyn en patroon.
- Handig jou voltooide masker by jou onderwyser in wie dit in die klas sal uitstal.
- Jou kunswerk sal geassesseer word deur jou onderwyser. Hy/sy sal die volgende kriteria in ag neem met die assessering.







| KRITERIA | 1-2 | 3-4 | 5-6 | 7-8 |
|---|---|---|---|---|
| **Die voltooide masker is ‘n uitdrukkingsvolle, visuele ontwerp.** | Ontwerp nog nie suksesvol nie | In staat om uitdrukkings-volle, visuele ontwerp te skep, maar het nog leiding nodig. | Voldoen aan die kriteria om die uitdrukkingsvolle, visuele ontwerp te skep. | Uitdrukkings-volle, visuele ontwerp is uitsonderlik goed gemaak |
| **Balans: Die masker se ontwerp is simmetries.** | Minder as 40% van die masker is simmetries in ontwerp. . | Tussen 40 - 55 % van die masker is simmetries in ontwerp. | Tussen 55 - 80 % van die masker is simmetries in ontwerp. | Meer as 80 % van die masker is simmetries in ontwerp. |
| **Patroon is effektief gebruik.** | ‘n Poging is aangewend, maar nog nie in staat om patroon effektief te gebruik nie. | In staat om patroon effektief te gebruik. | Voldoen aan die kriteria om patroon toepaslik te gebruik | Oorskry verwagtinge en kriteria om patroon suksesvol te gebruik. |
| **Die kunsmedia is effektief aangewend. Die leerder gebruik die verskillende media op die toepaslike wyse.** | Onvanpaste gebruik van media. | In staat om media te gebruik, maar nie konsekwent nie. Benodig nog oefening. | Het voldoen aan die kriteria om media toepaslik te gebruik. | Die media is reg aangewend en verbeter die voorkoms van die mobiel. |
| **Die leerder het hom-/haarself met selfvertroue uitgedruk deur die regte kleurkombinasie te gebruik.** | Probeer om hom- / haarself uit te druk, maar nie in staat om die gewenste uitkoms te bereik nie. | In staat om hom- / haarself uit te druk op 'n sinvolle manier. Het meer oefening nodig. | Voldoen aan die vereistes om hom- / haarself met selfvertroue en op 'n sinvolle wyse uit te druk. | Oorskry verwagtinge en kriteria om hom- / haarself met selfvertroue te druk. |
| **Subtotaal:** | | | | |
| | | | **TOTAAL** | **/40** |



**Oorweeg inklusiwiteit:** Leerders met **visuele gestremdheid -** jy kan dieselfde aktiwiteit doen met behulp van aanraking en gevoel om die vorm van die maskers te bepaal. Materiaal wat tekstuur verleen soos vetkryt behoort gebruik te word.

Vir leerders wat kognitiewe hindernisse ondervind moet die aktiwiteit opgebreek word in kleiner, meer hanteerbare stappe. Verseker dat alle leerders 'n geleentheid kry om al die stappe teen hul eie tempo te voltooi.

**GEÏNTEGREERDE LEER- EN ASSESSERINGSTRATEGIE**

Die leerproses en assesseringsproses is geïntegreerd. Die assessering is deurlopend en formatief waar die onderwyser die vordering van die kunswerk observeer, kontroleer en opbouende leiding gee. Die uitendelike kunswerk word formeel geassesseer.

| **Aktiwiteit 1: 2D skets** | **Vorm van assessering** | **Metode van assessering** | **Tegniek van Assessering** | **Assessering-instrumente** |
|---|---|---|---|---|
| | Informeel: Formatief | Self-/portuur-/onderwyser-assessering | A3 skets met vetkryt | Klaslys (slegs afmerk werk is gedoen) |
| | Formeel: Summatief | Onderwyser | Finale skets met kleur (A3) | Rubriek |
| | **Vorm van assessering** | **Metode van assessering** | **Tegniek van Assessering** | **Assessering-instrumente** |
| **Aktiwiteit 2: 3D** | Informeel: Formatief | Self-/portuur-/onderwyser-assessering | 3D maskers – proses, oefening | Klaslys (slegs afmerk werk is gedoen) |
| | Formeel: Summatief | Onderwyser | Finale Kunswerk | Rubriek |
| | | | | |

**VERSPREIDING VAN KOGNITIEWE VLAKKE**

| **Onthou en Verstaan** | **Toepas en Analiseer** | **Evalueer en Skep** |
|---|---|---|
| Visuele Kunsbegrippe: tipes lyn, vorm, komplimentêre kleur en ontwerpbeginsels soos balans (simmetrie / asimmetrie en verspreiding). | Toepassing van begrippe in 2D en 3D kunswerke. Deurlopende kritiese nabetragting en toepassing om kunswerk deurgaans te verbeter. | Skepping en aanbieding van 2D en 3D kunswerk. |

**(volgens Aangepaste Blooms Taksonomie, 1990)**